

Woensdag 16 Augustus

Skrif- en Fokusgedeelte: Romeine 2:25-29

Die doop – vrug daarvan in ons lewe

Soos Paulus onderskei tussen die uiterlike en innerlike besnydenis, onderskei die Nederlandse Geloofsbelofte (Art 34) tussen die uitwendige en die inwendige betekenis van die doop. Dit is duidelik dat die doop nie maar net 'n buitekant-teken is wat “uit gewoonte of bygelowigheid” bedien moet word nie. Nee, uit die doop kry ek en jy veel méér as wat ons verwag! Die doop is 'n sigbare teken wat ook “onsigbare genadegawes” inhou. God dui deur die doop aan dat Hy innerlik in jou wil werk.

Daar is 'n afwassing of “besnydenis” wat die Heilige Gees in jou hart wil doen (vs 29). Volgens Guido de Bres behels dit:

- Die Gees wil jou siel skoonmaak van alles wat keer dat jy in die regte verhouding met God lewe.
- Die Gees wil jou 'n nuwe hart gee wat vol blydskap is omdat jy God se kind is.
- Die Gees wil jou sekerheid gee dat Christus aan die kruis alles gedoen het wat nodig is, sodat jy ewig by God kan lewe.
- Die Gees wil jou al hoe meer soos Jesus Christus laat optree.

God het die doop as 'n wonderlike geskenk aan jou gegee. Dis tyd dat jy die geskenk oopmaak en kyk watter genade alles daarin verskuil lê. Gee jou volle samewerking aan die Heilige Gees vir die werk wat Hy innerlik in jou wil doen.

Só sal nie net die papier van die doopregister nie, maar ook jou hele lewe getuig: Ek is immers gedoop!

Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)